

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 19: Terumah (תרומה): Bydrae

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: “Praat met die kinders van Yisra’el dat hulle aan My ‘n bydrae moet bring; vanaf elkeen wie se hart hom opwek, moet julle My bydrae inbring.”*
Ex. 25:1 en 2 – PWL¹

Torah: Exodus 25:1 tot 27:19

Haftorah: 1 Kon. 5:1 tot 6:13

Nuwe Verbond: Matt. 5:17 tot 35; Mark. 10:11; Hebr. 8:1 tot 6; 9:23 en 24; 10:1

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 19 wat afgelaai kan word by: [Parashah19Notas14](#) en [Parashah19Notas15](#) en [Parashah19Notas16](#).

One leak will sink a ship: and one sin will destroy a sinner – John Bunyan.

Taking it easy is often the prelude to backsliding. Comfort precedes collapse – Vance Havner

Most church members live so far below the standard, you would have to backslide to be in fellowship with them – Vance Havner

People to whom sin is just a matter of words, to them salvation is just words too – William Faulkner.

¹ Alle teksverwysings is geneem uit PWL_(Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

“What is sin?

It is the glory of God not honoured.
 The holiness of God not revered.
 The greatness of God not admired.
 The power of God not praised.
 The truth of God not sought.
 The wisdom of God not esteemed.
 The beauty of God not treasured.
 The goodness of God not savoured.
 The faithfulness of God not trusted.
 The commandments of God not obeyed.
 The justice of God not respected.
 The wrath of God not feared.
 The grace of God not cherished.
 The presence of God not prized.
 The person of God not loved.
 That is sin.”
 (John Piper)

Torah Bespreking

Hersiening

In verlede week se Torahstudie was die hoogtepunt die bloedverbond wat YHVH met Israel gesluit het. YHVH het vanaf die berg in 'n hoorbare stem aan die hele volk die inhoud van die verbond, naamlik die tien gebooie (woorde) bekend gemaak (Ex. 20:1 tot 17). Hierdie tien woorde tesame met die gepaardgaande *mishpatim* (riglyne, regsuitsprake – Ex. 20:22 tot Ex. 23:33) het Moses opgeskrywe (Ex. 24:4).

Dit is die verbond wat YHVH met Israel gesluit het nadat hulle by Sinai aangekom het. Hierdie bloedverbond is bekend as die boek van die verbond.

Hy het die Boek van die Verbond gevat en dit voor die ore van die volk gelees en hulle het gesê: “Alles wat יהוה gesê het, sal ons doen en ons sal gehoorsaam wees.” Ex. 24:7.

YHVH het dus 'n bruid gekies om vir Hom 'n spesiale skat, asook 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie bo al die volke te wees (Ex. 19:5 en 6). Dit was die huweliksaanbod en die voorwaardes wat Israel as bruid moes nakom, was die tien gebooie!

Deut. 4:12 tot 14 is die bevestiging dat die tien gebooie die bloedverbond, naamlik die boek van die verbond is:

12 en יהוה het met julle vanuit die middel van die vuur gepraat; julle het die klank van die woorde gehoor, maar geen vorm gesien nie, net 'n Stem. 13 Hy het vir julle Sy verbond aangekondig, wat Hy julle beveel het om te doen, dit is, die tien opdragte en dit op twee kliptafels geskryf. 14 יהוה het my in daardie tyd beveel om vir julle reëls en wette te leer sodat julle dit kan doen in die land waarin julle oortrek, om dit te besit.

YHVH het dus vir Homself 'n bruid gekies wat ingestem het tot 'n huwelik waar die bruid onderneem het om na Sy stem – die van die Bruidegom – te luister en om al die voorwaardes, naamlik die tien gebooie, te gehoorsaam. Hierdie bruid wou YHVH na die Beloofde Land neem om daar 'n teokrasie te vestig waar Hy in hulle midde kon woon en regeer, en waar die bruid 'n koninkryk van priesters en 'n afgesonderde nasie sou wees (Ex. 19:5 en 6).

Maar oortreding van die voorwaardes van hierdie bloedverbond, naamlik die boek van die verbond, sou die dood beteken van die skuldiges. Ons ken die geskiedenis van Israel en weet dat hierdie verbond verbreek is toe Israel die goue kalf aanbid het. Hierdie gebeure sal in parashah 21 verder bespreek word.

Die Tien Gebooie: Van Ewigheid Tot Ewigheid

Die tien gebooie (woorde) is die tien pilare van YHVH se Karakter en Outoriteit en dit het van ewigheid af bestaan en sal tot in ewigheid bestaan! Soos YHVH is dit onveranderlik en is dit ook nie onderhandelbaar nie, want dit is die Woord van YHVH-God – die Allerhoogste self (Joh. 1:1)!

Die tien gebooie is nie net die grondslag van YHVH se Torah vir die mensdom nie, maar dit is ook profetiese uitsprake oor Sy volk Israel. Hierdie Woorde was 'n huweliksverbond wat YHVH (die Bruidegom) met Sy volk (die bruid) aangegaan het.

In die lig hiervan kan ons Yeshua se antwoord aan die Fariseër wat Hom wou toets verstaan:

36 “Leermeester, watter bevel is die grootste in die Torah (Instruksies)?” 37 Yeshua antwoord hom: “Jy moet יהוה, jou God, liefhê vanuit jou hele verstand, wil en emosie, vanuit jou hele gees, vanuit al jou kragte en vanuit al jou verbeelding en begrip. 38 Dit is die eerste en grootste opdrag 39 en die tweede, wat net soos dit is: jy moet jou naaste liefhê net soos jouself. 40 Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete.” Matt. 22:36 tot 40.

Die tien gebooie word opgesom met liefde vir YHVH – die eerste vier gebooie – en liefde vir naaste – die laaste ses gebooie. Aan hierdie twee opdragte hang die hele Wet en die Profete. Dit is die koninklike Torah (wet) van die Hemelse Koninkryk!

As julle ewenwel die koninklike wet volbring volgens die Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself – dan doen julle goed. Jak. 2:8 (AOV, 1953).

As julle ewenwel die koninklike Torah vervul volgens die Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself – dan doen julle goed. Jak. 2:8 (Woord en Getuienis)

Die tien gebooie is profetiese woorde, want YHVH het hierdie koninklike wet in Sy volk se verstand gee en dit op hulle hart geskryf! Dit is die nuwe verbond wat YHVH met die hele huis van Israel gesluit het, nadat Yeshua in die plek van Israel die 'vonnis' uitgedien het vir die verbreking van die bloedverbond by Sinai toe Israel die goue kalf aanbid het!

Hierdie nuwe verbond is beter as die eerste, want Yeshua as die Middelaar, en die Afgesonderde Gees as die hulp en krag tot gehoorsaamheid, is die beter beloftes!

6 maar nou het Yeshua, Die Gesalfde Een 'n beter bediening ontvang as daardie, net soos wat die verbond ook beter is, waarvan Hy Tussenganger gemaak is, met beter beloftes as wat gegee is, 7 want as die eerste een sonder fout was, was daar nie plek vir hierdie tweede een nie, 8 want Hy vind fout met hulle en het gesê: “Let op, daar kom dae, sê יהוה, dat Ek oor die

huis van Yisra'el en oor die huis van Y'hudah 'n nuwe verbond tot sy doel sal bring, 9 nie volgens die verbond wat Ek vir hulle vaders gegee het op die dag toe Ek hulle aan die hand gegryp het, om hulle uit Mitzrayim uit te lei nie, want hulle het nie gebly in My verbond nie en Ek het hulle verwerp," sê יהוה. 10 "Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra'el," sê יהוה: "Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle sal vir My 'n volk wees 11 en hulle sal nie meer elkeen sy medemens en elkeen sy broer leer en sê: 'Ken יהוה' nie, want hulle almal sal My ken, vanaf hulle kleinste tot hulle oudste. 12 Ek sal hulle reinig van hulle oortredings van die wet en hulle sondes nie meer onthou nie." Heb. 8:7 tot 12.

Die tien gebooie word die wet (die Torah) van YHVH genoem. Hierdie Torah van YHVH het reeds van die begin af (van ewigheid af) bestaan. Dit moet egter nie verwar word met die wet (die Torah) van Moses nie. Laasgenoemde is vir 'n bepaalde doel by die wet van YHVH (die tien gebooie) gevoeg na die aanbidding van die goue kalf. Die Torah van Moses is ook bekend as die boek van die wet en was langs die verbondsark, waarin die tien gebooie was, geplaas as getuie teen Israel.

24 Dit het gebeur toe Moshe die woorde van hierdie wet klaar in 'n boek geskryf het totdat hulle volledig was, 25 dat Moshe die Leviëte, wat die verbondsark van יהוה gedra het, bevel gegee en gesê het: 26 "Wat hierdie boek van die wet en sit dit langs die verbondsark van יהוה, julle God sodat dit daar kan bly as 'n getuie teen jou. Deut. 31:24 tot 26.

Hierdie Torah van Moses was ook 'n verbond gewees, maar nie 'n bloedverbond nie.

Hierdie is die woorde van die verbond wat יהוה Moshe beveel het om met die seuns van Yisra'el te sluit in die land van Mo'av, bo en behalwe die verbond wat Hy met hulle by Horev gesluit het. Deut. 29:1.

Israel het nie 'n keuse gehad nie. Nee, hulle moes alles van die Torah van Moses (boek van die wet) onderhou sodat hulle kon lewe, naamlik om die doodstraf vir die verbreking van die bloedverbond – die boek van die verbond – vry te spring!

Al die opdragte, wat ek jou vandag beveel, moet julle versigtig wees om te doen sodat julle mag lewe, vermenigvuldig en dat julle mag ingaan en die land in besit neem, wat יהוה aan julle vaders met 'n eed beloof. Deut. 8:1

Paulus verwys na die Torah van Moses (boek van die wet, ook die wetboek genoem) in Gal. 3:19 toe hy geskryf het:

Hoekom dan die geskrewe wet? Dit is bygevoeg omrede die afdwaling totdat die Erfgenaam sou kom aan Wie die belofte gemaak is en daardie geskrewe wet is deur die belofte gegee, deur die hand van 'n tussenganger. Gal. 3:19.

Dit was die Torah van Moses wat as die tugmeester gedien het totdat Yeshua gekom het om die skuldbrief vir die verbreking van die bloedverbond (boek van die verbond) en die oortreding van die Torah van Moses (die boek van die wet) aan die kruis vas te spyker.

24 Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertrou, 25 maar sedert die vertrou gekom het, is ons nie onder 'n gids nie, 26 want julle is almal kinders van God deur die vertrou in Yeshua, Die Gesalfde Een. Gal. 3:24 tot 26.

Hy het die geskrewe aanklag teen ons, wat vir ons nadelig was, deur Sy Outoriteit, uitgevee en uit ons midde weggevat en dit aan Sy kruis vasgeslaan. Kol. 2:14.

Beide die ewige Torah van YHVH en die Torah van Moses is YHVH se Torah, maar daar word onderskeid gemaak omrede elkeen vir 'n bepaalde doel gegee is. Ons sien byvoorbeeld hierdie onderskeid in Dan. 9:9 en 11.

*⁹Aan יהוה-God behoort onverdiende guns en vergifnis van sondes, want ons het teen Hom gerebelleer ¹⁰en ook nie na die stem van יהוה, ons God, geluister om te lewe volgens Sy wette wat Hy voor ons gesit het deur Sy diensknegte, die profete, nie. ¹¹Ja, die hele Yisra'el **het U wet oortree en afgewyk en nie U stem gehoorsaam nie; daarom het U die vloek en die eed op hulle gebring wat geskryf is in die wet van Moshe, die dienskneg van God, want ons het in Sy Teenwoordigheid gesondig.***

In Luk. 2:21 tot 24 sien ons ook hierdie onderskeid, waar vers 22 verwys na die wet van Moses (Lev. 12:2 tot 6) en vers 23 verwys na die die Torah van YHVH (Ex. 13:2, 12 en 15). Vers 24 verwys egter na die wet van Moses (Lev. 12:8), maar dit word ook die wet van YHVH genoem.

²¹Toe die agt dae vervul is waarop hulle die Kind moes besny, het hulle Hom Yeshua genoem, die Naam wat deur die boodskapper gegee is voor Sy vorming in die baarmoeder ²²en sodra die dae van haar reiniging, volgens die wet van Moshe, vervul was, het hulle Hom na Yerushalayim gevat om Hom op te dra voor יהוה, ²³net soos geskrywe is in die wet van יהוה: "Elke manlike kind wat die baarmoeder open, sal afgesonderd vir יהוה genoem word" ²⁴en om die offer te bring volgens wat gesê is in die wet van יהוה: ' 'n paar tortelduiwe of twee jong duiwe.'

So wat is die verkil tussen die Torah (wet) van YHVH en die Torah (wet) van Moses? Ons kan die vraag ook so stel: Wat is die verskil tussen die boek van die verbond en die boek van die wet? Die verskil is dat die een is ewig en die ander was tydelik!

Die Torah van YHVH (die tien gebooie, boek van die verbond) is, soos aan die begin gesê is, ewig en dus onveranderlik – gister, vandag en tot in ewigheid dieselfde! Die tien gebooie is dit wat wat was, dit wat is en dit wat sal wees (Open. 1:4). Die tien gebooie is die Woord wat van die begin af by God was en wat God is en deur Yeshua sigbaar gemaak is!

Yeshua, Die Gesalfde Een, is gister en vandag en tot in ewigheid dieselfde. Heb. 13:8

Die Torah van Moses (die boek van die wet, die wetboek) was egter tydelik en met 'n bepaalde doel gegee en was by die Torah van YHVH gevoeg. Dit was 'n praktiese en volledige verduideliking van die Torah van YHVH, naamlik van die tien gebooie.

Maar omrede die Torah van Moses 'n tussentydse maatreël was tot Yeshua sou kom, was dit daarom veranderbaar. Dit het Israel in bewaring gehou tot Yeshua die Messias gekom het. Daarom het daar na die folterdood en opstanding van Yeshua 'n verandering in die Torah van Moses plaasgevind soos die brief aan die Hebreërs dit uiteensit. Hierdie verandering was ondermeer, en baie belangrik, ten opsigte van die tempel, die priesterorde en die offerandes. Daarom skryf Paulus in Rom. 10:4, en aansluitend by Gal. 3:24 tot 26 en Kol. 2:14, die volgende:

want die einddoel van die geskrewe wet is Die Gesalfde Een tot onpartydige opregtheid aan elkeen wat vertrou. Rom. 10:4.

Die Torah van Moses het ons gebring tot by Yeshua se folterdood en opstanding wat die einde van die ou bedeling was, want die skuldbrief is vereffen. YHVH het toe 'n nuwe

verbond met die hele Israel gesluit waar elkeen wat glo in Yeshua as die Messias en die Torah van YHVH (die tien gebooie) onderhou deur dit te doen deel van Israel is.

28 Daar is nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua. 29 As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename. Gal. 3:28 en 29.

Dien die Torah van Moses (die wetboek) dan nog enige doel? Ja, want dit leer ons steeds wat sonde is, naamlik wat reg en verkeerd is, wat rein en onrein is en wat afgesonder (heilig) en nie afgesonder (onheilig) is. Paulus bevestig dit in Rom. 7:7 toe hy skryf:

Wat sal ons daarom sê? Is die geskrewe wet sonde? 'n Verwerplike gedagte! Ek sou nie weet wat is sonde anders as deur die wet nie, want ek sou ook nie begeerte geken het as die wet nie gesê het: "Jy mag nie begeer nie."

Alles in die Torah van Moses (die boek van die wet) is steeds toepaslik, maar die klem is nie meer op die fisiese nie, maar wel op die geestelike sodat ons die geestelike beginsels en lesse in ons geloofslawe as gelowiges van die nuwe verbond kan toepas.

Die ewige onveranderlike Torah van YHVH (die tien gebooie), tesame met die veranderde (aangepaste) Torah van Moses is die Torah van Yeshua, wat ons ook die Torah van Melgisédek kan noem, want ons is 'n koninklike priesterdom onder die Ewige Koningskap en Ewige Hoofprietterskap van Yeshua. Die Vader se woorde aan Israel van ouds in Ex. 19:5 en 6 het nou vir die huidige Israel waar geword soos Petrus dit bevestig:

9 Julle is 'n gekose nasie, om te dien as priesters in die Koninkryk, 'n afgesonderde volk, bymeakaargemaak en bevry, om die lofprysing van Hom, wat julle uit die duisternis geroep het, te verkondig tot Sy wonderlike lig, 10 julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; vir wie niemand omgee het nie, maar nou word omgee oor julle uitgestort. 1 Pet. 2:9 en 10.

Die boek van die verbond is dus herstel met 'n nuwe en beter verbond, en ons kan nou onder die nuwe verbond in die voetspore van ons aardsvader Abraham stap. Ons luister na die stem van YHVH en ons is gehoorsaam aan Sy Torah soos dit in Yeshua vervul is.

Bepeins of Bespreek.

1. Dit is die tien gebooie (YHVH se wette) wat in ons begrip (verstand) gegee en op ons verstand, wil en emosie geskryf word, en nie die Torah van Moses nie.

Vader se Plan met die Mens en die rol van Torah in hierdie Plan

Wat was YHVH se plan toe Hy die mens geskape het? Ons moet hierdie vraag antwoord in die lig van die rol wat Torah in hierdie plan vervul.

Reeds in Gen. 1:1 het ons gesien dat YHVH se begeerte was na 'n huis en 'n huishouding – 'n Vader met 'n bruid en kinders! Daarom lees ons in Gen. 1:26 en 27 van die doel hoekom YHVH die mens geskape het.

26 God het gesê: "Laat Ons die mens maak na Ons beeld, net soos Ons en laat hulle heers oor die visse van die see, die voëls van die hemel, die vee en oor die hele aarde en oor al die

diere wat op die aarde beweeg.” 27 God het die mens geskep na Sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskep; man en vrou het Hy hulle geskep.

YHVH het die mens geskape na sy beeld en Sy gelykenis. Die mens se siel (sy wil, sy denke, sy emosies) was geskape volgens die hoedanighede en volgens die volmaaktheid van Skepper-God – *Laat Ons die mens maak na Ons beeld, net soos Ons*. Die mens se sielsrealm was gelykvormig aan die van God – was geskape na die gelykenis van God. In dié opsig was die mens soos God – gelykvormig aan YHVH sy Skepper!

Maar na die sondeval het die mens hierdie hoedanighede en volmaaktheid om volgens sy sielsrealm die beeld en gelykenis van God te wees, verloor!! Die mens se wil, denke en emosie was nou die vrug van die boom van kennis van goed en kwaad. Kain wat vir Abel dood gemaak het bevestig dit, asook Gen. 5:3.

Toe Adam honderd en dertig jaar oud was, was hy die vader van 'n seun wat was soos hy, sy ewebeeld en hy het hom Shet genoem.

Die nageslag van Adam was volgens die beeld en gelykenis van 'n gevalle mens.

Maar YHVH het 'n plan van herstel, naamlik deur Yeshua, die helder Skynsel van YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die Beeld van Sy Wese!!

1Oor alle onderwerpe en op allerhande maniere het God vroeër deur die profete gepraat met ons vaders 2en in hierdie laaste dae het Hy met ons gepraat deur Sy Seun, wat Hy as erfgenaam van alles aangestel het. Déur Hom het Hy die uitspannel gemaak, 3want Hy is die helder Skynsel van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die Beeld van Sy Wese ...Heb. 1:1 tot 3.

Yeshua het as mens hierdie waarheid, as die tweede Adam (1 Kor. 15:45) geskape na die beeld en gelykenis van God, gedemonstreer en geleef. YHVH se plan is om weer Sy huis en huishouding te herstel sodat Hy kinders sal hê wat geskape is na Sy beeld en wat sal wees soos Hy in terme van hul sielsrealm, naamlik in gedagtes, woorde en dade soos YHVH-God. Daarom skryf Paulus in Rom 8:29 en 30 die volgende:

29 want die wat Hy vooruit geken het, dié het Hy ook vooruit gevorm om te lyk net soos die beeld van Sy Seun sodat Hy die Eersgeborene kan wees onder baie broers 30 en die wat Hy vooruit gevorm het, dié het Hy ook geroep en die wat Hy geroep het, dié het Hy ook onskuldig verklaar en die wat Hy onskuldig verklaar het, aan dié het Hy ook Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid gegee.

Yeshua is die helder Skynsel van YHVH se Gemanifesteerde Teenwoordigheid en die Beeld van Sy Wese. YHVH is besig met Sy plan om die mens weer te 'herskep' tot Sy beeld en Sy gelykenis soos die van Sy Eersgebore Seun Yeshua. Wanneer hierdie werk voltooi is, sal YHVH weer baie kinders hê wat soos Yeshua gelykvormig sal wees aan Sy beeld en Sy gelykenis soos dit voor die sondeval was! Hierdie is 'n voortgaande werk in die lewe van ons elkeen tot die realiteit van Die Gesalfde Een ten volle in ons gevorm is (Gal. 4:19).

Dit is juis vir die doel dat YHVH deur Yeshua aan die gemeente die vyfvoud bediening gegee het:

11 en Hy het sommige as afgevaardigdes, sommige as profete, sommige as boodskappers van die goeie boodskap en sommige as herders en sommige as leermeesters gegee, 12 om die

afgesonderdes volledig te maak vir hulle dade in die bediening tot opbouing van die liggaam van Die Gesalfde Een¹³ totdat ons almal een sal wees in vertroue en in kennis van die Seun van God, een man, tot die mate van die volgroeiheid van Die Gesalfde Een. Efes. 4:11 tot 13.

Om vasgevang te wees in Rabbynse Judaïsme, veral ten opsigte van die onderhouding van die Torah van Moses, verblind die gelowige in Yeshua vir hierdie waarheid van YHVH se plan om die mens te herstel tot Sy beeld en Sy gelykenis. Deur die Torah van Moses (die wetboek) te onderhou kan geen mens gelykvormig word aan die beeld en gelykenis van YHVH nie! Dit is alleenlik deur wedergeboorte deur die Afgesonderde Gees van YHVH wat hierdie proses kan begin en voortgaan tot voltooiing.

Die Torah van YHVH en die Torah van Moses was by Sinai gegee aan 'n volk wat nie geestelik wedergebore was nie. Hulle was lewende siele gewees, maar was nie geestelike manne en vroue nie! Hulle was nog nie gereed om die innerlike verandering deur die Lewegewende Gees te ontvang nie. Paulus verduidelik dit in 1 Kor. 15:45 tot 50 soos volg:

45 So is daar ook geskryf: die eerste mens, Adam, was 'n lewende gees; die laaste 'Adam', 'n Lewegewende Gees. 46 Die geestelike is nie eerste nie, maar die natuurlike, daarna die geestelike. 47 Die eerste mens was stof vanuit die grond, die tweede Mens, יהוה vanaf die hemel. 48 Soos die man van stof was, so is ook dié vanuit stof en soos die hemelse Man is, so is ook dié hemelse 49 en net soos ons die beeld van die stoflike een gedra het, so sal ons ook die beeld van die hemelse Een dra, 50 maar dit sê ek, broers, dat dit nie moontlik is vir vlees en bloed om die Koninkryk van God te beërwe nie; ook beërwe dit wat vergaan nie dit wat nie kan vergaan nie.

Om gelykvormig aan Yeshua te word, en dus gelykvormig aan die beeld en gelykenis van YHVH, is 'n voortgaande proses. Deur wedergeboorte ontvang ons die saad en word ons deelhabbers van die Goddelike aard van YHVH, maar ons is dan nog nie gelykvormig aan die beeld en gelykenis van YHVH nie!

12 maar aan dié wat Hom ontvang het, aan hulle het Hy die outoriteit gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Outoriteit en Karakter vertrou; 13 dié wat nie vanuit die bloed, of vanuit die begeerte van die vlees, of vanuit die begeerte van 'n man nie, maar vanuit God, gebore is. Joh. 1:12 en 13.

Wanneer ons wedergebore word, word aan ons die outoriteit gegee **om kinders van God te word**. Dit beteken dat ons het die saad ontvang wat nou moet ontkiem en groei tot gelykvormigheid aan Yeshua! Ons wat 'n lewende siel en geestelik dood was, het deur wedergeboorte 'n lewende gees ontvang. Ons wat vleeslik was het geestelik geword. Hierdie is die grootste wonderwerk denkbaar wat deur weinig gelowiges in Yeshua verstaan word.

Dit is hierdie innerlike verandering wat dit moontlik maak dat YHVH Sy Torah in ons begrip kan gee en dit op ons verstand, wil en emosie kan skryf. Dit is die begin van die metamorfose om verander te word om gelykvormig aan Yeshua te word en dus geskape te wees na die beeld en die gelykenis van YHVH! Paulus beskryf hierdie veranderingsproses soos volg:

Meer nog, almal van ons, met onbedekte gesig, sien die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van יהוה soos in 'n spieël en word voortdurend verander na Sy beeld, tot meer en meer van Sy Gemanifesteerde Teenwoordigheid, deur יהוה, die Gees. 2 Kor. 3:18.

Hiervolgens is die rol van Torah in YHVH se plan van die herstel van die mens tot die beeld en gelykenis van God duidelik. Tot die tyd volgens YHVH se Raadsplan sou aanbreek dat die mens 'n deelhebber van YHVH se aard kon word by wyse van wedergeboorte deur die Gees, het YHVH vir die mens die Torah van Moses gegee om die mens in 'bewaring' te hou! Omrede die mens nie die saad van YHVH se goddelike aard in sy innerlike wese gehad het nie, moes YHVH die Torah van Moses as eksterne gids (tugmeester) gee om die mens se optrede deur instruksies en onderrig te beheer – dit in bedwang te hou en vir die mens as maatstaf te dien van YHVH se geregtigheid!

Maar nou dat ons nie meer onder die tugmeester is nie, want Yeshua het deur Sy folterdood en opstanding ons daarvan bevry, kan ons die saad van YHVH se aard deur wedergeboorte ontvang en kan dit groei tot gelykvormigheid aan Yeshua en dus tot die beeld en gelykenis van YHVH. Vanaf die oomblik van ons geestelike wedergeboorte begin die transformasie proses om gelykvormig aan Yeshua te word en dus aan die beeld en gelykenis van YHVH.

Hoe meer gelykvormig ons aan Yeshua word, hoe meer sal ons denke, wil en emosies ooreenstem met die van YHVH en hoe beter sal ons verstaan wat die Vader se wil vir ons elkeen is. Ons gedagtes woorde en daede sal toenemend ooreenstem met ons Vader se Karakter en Outoriteit tot ons uiteindelik gelykvormig is aan Sy beeld en Sy gelykenis!

Hierdie transformasie proses word moontlik gemaak deur YHVH se Afgesonderde Gees wat ons ontvang as Sy inwonende Gees, want ons elkeen individueel, en gesamentlik as gemeente, is nou die tempel van God (1 Kor. 3:16 en 1 Kor. 6:19). Die Afgesonderde Gees is die Bevryder en Lewegewer wat ons sal leer en herinner aan alles wat Yeshua Sy studentevolgelinge geleer het.

Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Bevryder en Lewegewer gee om by julle te bly tot in ewigheid. Joh. 14:16.

maar die Bevryder en Lewegewer, die Gees van Afsondering, wat My Vader in My Outoriteit en Karakter sal stuur, sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het. Joh. 14:26.

Dit is die Afgesonderde Gees in ons wat die begeerte wek om Vader se wil te doen en wat die krag is om Vader se wil te kan doen. So 'n mens is waarlik 'n nuwe geskapene wat nie die uitwendige wet van Moses nodig het om hom te beheer en die maatstaf van YHVH se geregtigheid te wees nie! Nee, want die Gees van YHVH in ons het ons Torah (wet) geword!!

Israel se geskiedenis is die bewys dat die Torah van Moses (die wetboek) nie hierdie innerlike verandering kon bewerkstellig nie! Dit kon nie die mens herstel om weer gelykvormig te wees aan die beeld en gelykenis van sy Skepper-God nie!

²¹ Is die wet wat ons ontvang het teenoorgesteld aan die belofte van God? 'n Verwerplike gedagte, want as daar 'n wet gegee is, wat in staat was om lewe te gee, dan sou die onpartydige opregtheid waarlik vanaf die wet gekom het. ²² Die Skrifte het alles onder die sonde ingesluit sodat die belofte in die vertroue van Yeshua, Die Gesalfde Een, aan die wat vertrou, gegee kon word, ²³ maar voordat die vertroue gekom het, is ons begelei deur die wet terwyl ons afgesny was van die vertroue wat op die punt was om openbaar te word. ²⁴ Die geskrewe wet was dus vir ons 'n gids na Die Gesalfde Een toe sodat ons onskuldig verklaar kan word deur vertroue, ²⁵ maar sedert die vertroue gekom het, is ons nie onder 'n gids nie, ²⁶ want julle is almal kinders van God deur die vertroue in Yeshua, Die Gesalfde Een, ²⁷ want julle almal wat in Die Gesalfde Een gedoop is, het Die Gesalfde Een aangetrek. ²⁸ Daar is

nie Jood of Arameër nie, daar is nie slaaf of vryman nie, daar is nie man of vrou nie, maar julle is almal een in eenheid met Die Gesalfde Een, Yeshua. 29 As julle aan Die Gesalfde Een behoort, is julle die saad van Avraham en volgens die belofte, erfgename. Gal. 3:21 tot 29.

Die wet van Moses kon nie ware lewe gee nie, want geregtigheid kan nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar alleenlik deur vertrou in Yeshua wat 'n innerlike verandering teweeg bring wat uiterlik sigbaar sal word.

Elkeen wat wedergebore is deur die Gees van God en met die Afgesonderde gees gevul is, is dood vir die wet van Moses en behoort nou aan Hom wat uit die dood opgestaan het sodat elkeen vir God vrugte kan dra.

4 Nou, my broers, is julle ook dood vir die geskrewe wet, deur die liggaam van Die Gesalfde Een, om aan 'n ander te mag behoort, naamlik aan Hom wat uit die dood uit opgestaan het sodat julle vir God vrugte kan dra, 5 want toe ons in die ou natuur was, het die siektes van die sonde wat deur die geskrewe wet kom, ywerig in ons lede gewerk om vir die dood vrugte te dra, 6 maar nou is ons vrygespreek van dié geskrewe wet en het ons dit wat ons beheer afgesterf sodat ons van nou af slawe is van wat nuut is uit die Gees en nie van die oue wat uit die geskrewe letter is nie. Rom. 7:4 tot 6.

Opsommend:

Voortdurende fokus op die Torah (wet) van Moses verblind mense vir die ware betekenis en doel van wedergeboorte. Diegene wat begrip het vir die lewende saad van YHVH wat in hulle geplant word met wedergeboorte, sal met vertrou bewus wees van die transformasie proses in hulle om gelykvormig te word aan Yeshua en dus aan die beeld en gelykenis van God.

Die plan van YHVH vir die mens is die plan van herstel tot Sy beeld en gelykenis deur 'n innerlike verandering wat uitwendig deur woorde en dae sigbaar sal word. Dit is alleenlik die werk van die Afgesonderde Gees in elkeen. Ons volg nie meer die Torah van Moses deur vleeslike pogings tot gehoorsaamheid nie, maar ons volg die wet van YHVH deur die Gees in ons wat ons hulp en krag is tot gehoorsaamheid aan YHVH se Torah!

Wat vir die vlees onmoontlik is, is vir die Afgesonderde Gees moontlik!!

1 Daar is daarom geen veroordeling in Yeshua, Die Gesalfde Een, vir dié wat nie in die vlees leef nie, 2 want die wet van die Gees van Lewe, wat in Yeshua, Die Gesalfde Een, is, het jou vrygemaak van die wet van die sonde en van dood, 3 want omdat die wet swak was, deur die sieklikheid van die vlees, het God Sy Seun in die vorm van die sondige vlees gestuur, as gevolg van sonde, om die sonde in Sy vlees te veroordeel 4 sodat die onpartydige opregtheid van die wet volledig gemaak kon word in ons sodat ons nie na die vlees leef nie, maar na die Gees. 5 Hulle wat in die vlees is, word deur daardie vlees beheer, maar die wat van die Gees is, word deur daardie Gees beheer, 6 want die gedagtes van die vlees is dood, maar die gedagtes van die Gees is lewe, vrede, gesondheid, voorspoed en vergenoegdheid 7 omdat die gedagtes van die vlees vyandskap teen God is, want dit is nie gehoorsaam aan die wet van God nie, want dit is ook nie moontlik nie. 8 Hulle wat in die vlees is, kan God nie tevrede stel nie, 9 maar julle is nie in die vlees nie, maar in die Gees, as die Gees van God waarlik in julle bly, maar as iemand die Gees van Die Gesalfde Een nie het nie, behoort hy nie aan Hom nie. 10 As Die Gesalfde Een in julle is, dan is die liggaam dood vir die doel van sonde, maar die Gees is lewend vir die doel van die onpartydige opregtheid 11 en as die Gees van Hom wat ons Meester, Yeshua, Die Gesalfde Een uit die dood uit laat opstaan het, in julle

bly, dan sal Hy wat Yeshua, Die Gesalfde Een uit die dood laat opstaan het, ook aan julle dooie liggame lewe gee deur Sy Gees wat in julle bly. Rom. 8:1 tot 11

Bepeins of Bespreek.

1. Is jy en ek werklik dankbaar vir die wonderwerk van wedergeboorte en vir die genade voorsiening van YHVH deur Yeshua. Is ons werklik dankbaar vir die Afgesonderde Gees wat in ons voortdurend werk om die wil van ons Vader en Skepper-God te doen?
2. Ons het nie 'n uitwendige wet nodig nie, want YHVH se wet is in ons sielsrealm deur die Afgesonderde Gees gegraveer. Hoe meer gelykvormig ons aan Yeshua word, hoe meer sal ons die Vaderhart verstaan en volgens sy wet dink, praat en doen!

-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuweliëd.info
Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.